VAKKEUSE GRAAD 8

A.	VERPLIGTE VAKKE
1.	Afrikaanse Huistaal
2.	Wiskunde
3.	Natuurwetenskappe
4.	Sosiale wetenskappe
5.	Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
6.	Lewensoriëntering
7.	Tegnologie

B. ENGELS

Kies tussen Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal (X)

8. **Engels Huistaal (vereiste Gr 6 rapport: First Additional Language 80% OR Home Language 75%)**
Fokus baie meer op literatuur, (gedigte, drama, romans), praat en skryf om soedoende kreatiewe denke en vaardighede te ontwikkel. Jy het passie, entoesiasme en 'n goeie werksetiek vir hierdie vak nodig.
Geskik vir leerders met 'n liefde en aanslag vir tale wat al klaar baie gemaklik is in Engels. ☐

OF

Engels Eerste Addisionele Taal
Fokus op die bemeestering van taal-, praat, lees- en skryfvaardighede in die basiese beginsels van die taal.
Meer geskik vir tweede taal sprekers. ☐

C. SKEPPENDE KUNS

Kies tussen Skeppende Kuns of Musiek (X)

9. **Skeppende kuns**
Behels 'n baie algemene oorsig van musiek, kuns en drama soos op laerskool. Die volledige vakke Kuns en Drama kan vanaf Gr 9 geneem word. ☐

OF

Musiek (Keuring vind plaas vir 70 leerders)
Musiek as keusevak kan deur ENIGE leerder geneem word, mits hy/sy gemotiveerd is om 'n instrument te leer bespeel. (LEERDERS HOEF GEEN ERVARING VAN MUSIEK TE HÊ NIE). Musiek bevat musiekgeskiedenis, teorie en 'n praktiese komponent. Daar is wel kostes betrokke veral waar instrumente gehuur moet word. ☐